Preek, Ds Freddie Schoeman
Sondag 8 Maart 2009

REEKS: VERBAN JOU VRESE (2/5)

Verban die vrees vir verwerping

Wat het die volgende mense in gemeen?

- Die werkholis wat gedryf word deur sy pa se woorde: “Van jou sal niks kom nie.”
- Die vrou wat maar aanhou toegee aan die absurde verwagtings van haar man.
- Die kantoorwerker wat altyddeur kruiperig is.
- Die man wat nooit regtig vir mense sê wat hy regtig dink nie.
- Die vrou met ‘n oorvol program omdat sy nooit nee kan sê nie.
- Die persoon wat nooit ‘n vaste standpunt kan inneem nie en maar met almal saamstem.
- Die Christen wat nooit met ander oor hulle geloof praat nie.

Wat hulle in gemeen het is dat almal waarskynlik gemotiveer en gedryf word deur ‘n vrees vir verwerping.

Sielkundiges sê vir ons dat die grootste behoefte wat ‘n mens het, die behoefte aan aanvaarding is – die grootste vrees, is die vrees vir verwerping.

Waar kom dit vandaan? Dit ontstaan gewoonlik uit ‘n baie pynlike ervaring – of ervarings - van verwerping iewers in die verlede. Dit kan wees dat ons ouers ons verwerp het, of ons vriende, of onderwysers – mense wat in die een of ander stadium van ons lewens vir ons belangrik was.

Hierdie vrees doen baie skade in ons lewens:

- Dit laat ander toe om ons te manipuleer (advertensiewese)
  - As jy nie dit koop nie, is jy onnosel!
  - Almal koop dit – wat’s fout met jou?
  - As jy van my hou, sal jy dit / dat doen

- Ons gee toe onder groepsdruk

  - As jy nie inval by dit wat die groep doen nie, dan is jy nie meer deel van die groep nie.
  - As jy nie dwelms saam met ons gebruik nie, gaan jy nie meer deur die groep aanvaar word nie.

    - Druk ten opsigte van kleredrag.

- Dit weerhou ons daarvan om die waarheid te praat

    - Ons probeer ‘n front voorhou – ‘n valse beeld van onsself om ander te beïndruk sodat hulle ons kan aanvaar.
    - Ons jok oor redes waarom ons laat is / waarom ons sekere dinge nie kan bywoon nie.
    - Vrees: As mense die waarheid oor ons uitvind sal hulle minder van ons dink.

- Dit weerhou ons van sinvolle verhoudings – liefde gee en liefde ontvang

    - “Once bitten twice shy”
    - Ek het my vingers verbrand – sal dit nie weer doen nie
    - Ek sal nooit weer mans / vrouens vertrou nie

- Dit veroorsaak skaamheid en alleenheid

- Dit veroorsaak depressie en ongelukkigheid – om die hele tyd ander se goedkeuring te probeer verwerf maak ‘n mens misrabel. Dit maak jou siel dood.

- Dit weerhou ons daarvan om te getuig oor ons geloof.

    - *Nietemin het selfs baie van die lede van die Joodse Raad tog ook tot geloof in Hom gekom, maar uit vrees vir die Fariseërs het hulle dit nie openlik bely nie, sodat hulle nie uit die sinagoge geban sou word nie; want hulle het verkies om liewer deur mense geëer te word as deur God.* (Joh 12:42-43)
    - Wat sal mense van my dink as hulle uitvind ek is ‘n Christen? (Weermag – stewel)
    - Wat sal mense van my dink as ek hulle uitnooi om saam met my kerk toe te kom?

Die vrees vir verwerping veroorsaak dus geweldig baie skade – veral aan ons verhoudings.

Wat is die oplossing? Hoe hanteer ons dit? Kan ons daarvan loskom? Hoe kan ons dit uit ons lewens uit verban?

Dit vereis dat ons anders begin dink. Ons moet anders dink oor God, oor ander mense, oor onsself.

- Ons moet anders dink oor God

Ons moet God die belangrikste plek in ons lewens gee. Wanneer ons God die ereplek in ons lewens gee – dan word dit wat mense sê en doen minder belangrik. As dit wat God sê vir ons meer gewig dra as wat mense sê, dan stel dit ons in staat om ons vrees vir dit wat mense sê te oorkom.

Ons moet anders dink veral oor God se liefde.

Die venyn van mense, daarvoor is ek bang, … (Psalm 119:39)

Bewys aan my u troue liefde, Here, red my volgens u belofte. (Psalm 119:41)

Hier het ons die oplossing: wanneer ons God se liefde vir ons verstaan: dat Hy ons onvoorwaardelik aanvaar en nooi sal verwerp nie, dan wyk die vrees dat mense ons sal verwerp.

Hier leer die Woord van die Here vir ons ‘n baie diep waarheid: die feit dat ons ‘n diep gesetelde behoefte het aan aanvaarding en liefde is nie verkeerd nie; ons is daarmee geskape – dis hoe die Here ons aanmekaar gesit het.

Die vraag is egter: waar gaan soek ons vir die vervulling van hierdie behoefte?

By mense? Dan het ons ‘n probleem. Mense is feilbaar, mense maak foute, mense kan ons teleur stel – slegs God kan ons volledig en onvoorwaardelik liefhê.

Dis ‘n behoefte waaraan slegs die Here volledig kan voldoen. Dis net die Here wat ons regtig onvoorwaardelik kan liefhê.

As ons dus aanvaarding en liefde *slegs* by mense soek – dan is ons op dun ys? Beteken dit dat ons dit *glad nie* die by mense moet soek nie? Nee, soms het God ons deur ander mense lief – daarom moet ons ook liefde bewys want God wil ander mense deur ons liefhê. Ons kry ook baie liefde by ander mense en dis goed en reg – dis hoe dit veronderstel is om te wees.

Die probleem ontstaan egter wanneer ons dit *slegs* by mense soek; of nog erger: as ons dit van een spesifieke mens verwag – en wanneer mense ons dan teleurstel – of daardie een mens ons teleurstel – dan val ons lewe uitmekaar.

Wanneer ons egter vashou aan God se liefde dan stel dit ons staat om te sê: God het my lief, as jy nie van my hou nie is dit jou saak / probleem. Verwerping is dan nie meer ‘n refleksie van my eiewaarde nie. As my gevoel van eiewaarde gesetel is in God se aanvaarding van my – dan kan die verwerping van mense my nie meer so erg raak nie.

Dit gaan my nog steeds beïnvloed en affekteer, maar dit gaan nie meer *bepalend* wees vir wie ek en hoe ek myself beskou nie.

- Ons moet anders dink oor ander mense

Hoor wat sê die Here vir die volk wat in ballingskap is:

Ek is die Here, Ek bring uitkoms vir julle. Hoe is dit dan dat jy bang is vir ‘n sterflike mens, vir ‘n mens wat so maklik vergaan soos gras? (Jesaja 51:12)

Ons moet ander mense se opinie oor ons in perspektief plaas. Is dit wat ander mense oor ons sê noodwendig reg? Ander mense is feilbaar! Ander mense kan verkeerd wees. Hulle is immers maar sterflike wesens soos ons almal.

Hoeveel keer was jy nie al verkeerd oor ander mense nie? Hoeveel keer moes jy nie al jou woorde sluk nie? Hoeveel keer moes jy nie al jou opinie verander nie? So: wat is die waarde van ander se opinie oor jou. Hulle kan verkeerd wees!!

Daarom kan dit ‘n fatale fout wees om mense se guns te soek – om jou eie waarde afhanklik te maak van ander mense se oordeel oor jou.

Paulus is daarvan beskuldig dat hy die guns van mense gesoek het. Hy het die evangelie van God se liefde verkondig en nie van oordeel nie. Dit het hom blootgestel aan kritiek. Paulus was in die stad Korinte toe hy hoor daar mense in die gemeentes in Galasië wat dit van hom sê. Toe skryf hy die brief aan die Galasiërs en hy sê presies wat hy van hulle dink en toe hy dit klaar gesê skryf hy:

Klink dit dit nou asof ek die guns van mense soek, of soek ek die guns van God? Probeer ek by mense in die guns kom? As ek nog steeds die guns van mense soek, sou ek geen dienaar van Christus wees nie. (Gal 1:10)

Wie se goedkeuring tel die meeste my lewe? Hoe geneig is ons om vir die gehoor te speel? Eintlik bestaan ons gehoor net uit een

Persoon: die Here, die Almagtige, wat nie soos mense soos gras vergaan nie.

Baie foute …

- Ons moet anders dink oor onsself

Ons moet ‘n meer juiste perspektief oor onsself ontwikkel. Wanneer ons verwerp word, of wanneer ander mense ons kritiseer maak dit seer want diep binne in ons het ons die vermoede dat hulle reg is – dat ek inderdaad waardeloos is, dat ek inderdaad dit gaan maak nie, dat ek inderdaad ‘n verloorder is.

Ons beleef dikwels verwerping sonder dat ander mense dit bedoel. As iemand anders ons nie groet nie is dit nie omdat hulle ons ignoreer nie, dis omdat hulle ons nie raaksien nie.

Vrou by die bushalte …

Ons sien dikwels ander mense se pyn nie raak nie omdat ons so gepreokkupeerd is met ons eie vrees – die vrees vir verwerping. Ons mis dan geleenthede om mense te ondersteun en mense te dien.

Ons moet leer om na onsself te kyk en raak te sien wat God raaksien. Psalm 8.

In die oë van God is jy uiters kosbaar en waardevol! God het jou met sorg gevorm en jou toegerus met unieke talente en vermoëns.

…

Belangrik: God is vir elkeen van ons – ook vir jou – lief. Rom 8

Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dit: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? … Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry! … Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding, benoudheid, vervolging … kritiek, veroordeling, verwerping? *… in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.*

"Secure in God's love, I will not surrender my self worth to the opinions and judgments of others. When I'm rejected, I will not retaliate. When I'm hurt I will allow God to heal me. And knowing the pain of rejection, I will seek to love those who suffer from its anguish." Lloyd Ogleby

Amen